

6 Oktober

**Skrifgedeelte: Psalm 4**

**God het, Hy sal, daarom is ek gerus**

Om een of ander rede is Dawid in die nood. Tog kom daar by hom die grootste gemoedrus as hy terugkyk op sy lewenspad. Wanneer hy van die sorgende hand van die Here onthou, raak hy tevrede soos 'n kind by sy moeder. Ja, hy gaan rustig slaap, want die Here sorg vir hom (4:9).

“Nood” kan enigiets beteken. Die nood wat Dawid hier beleef, herinner hom aan 'n vorige gebeurtenis toe hy ook in die nood was en die Here hom bevry het (4:2). Die Here het vir hom ruimte gemaak (OAV) toe die lewe vir hom te klein geword het. Nou bevind hy hom weer in die benoudheid. 'n Mens bring soms self die dinge oor jou wat jou in die nood laat beland. Hier roep hy dus nou weer tot God.

*Dit is nie nood wat leer bid nie, dis uitkoms wat leer bid.* Die uitkoms uit die nood wat hy al voorheen beleef het, leer hom om in nood te bid. Hy bid met die wysheid wat ervaring bring: *God hét gehelp; God sal weer help.* Nou gaan hy nie meer rondrol met nagmerries en bekommernis nie. Nee, hy gaan onbesorgd slaap. Ook dit ontvang hy van die Here.

Die beginpunt van elke gelowige se geskiedenis is die kruis van Christus. Ons grootste ellende is dat ons deur die sonde van God vervreem is. Die kruis en graf en opstanding van Jesus herinner ons daaraan dat ons deur Jesus Christus met God versoen is. Deur sy offer het Hy weer vir ons ruimte gemaak by God.

Wanneer ons eerlik na ons eie lewe kyk, is ons geskiedenis telkens ook die getuienis van God wat help in nood.

Dit maak 'n mens rustig: *by God is daar vir ons ruimte ...* Jesus Christus het dit gemaak.

*Sing: Psalm 4:4*

*Dr DJS Steyn (Emeritus)*